# Première

*'n Fees vir Nuwe en Opkomende Teatermakers*

## Opdrag

Première is 'n inisiatief ondersteun deur die Universiteit van Stellenbosch se dramadepartement om die skep van nuwe teaterwerk deur die studente van die departement aan te moedig. Hierdie produksies mag in enige styl/genre aangebied word, met 'n tydsduur van tussen 35 en 50 minute.

## Doelwit

Première poog om 'n kultuur van deurlopende artistieke samewerking binne die dramastudentegemeenskap te bevorder deur die skep van nuwe teaterwerk te bewerkstellig. Die klem is op die vervaardiging van produksies van 'n hoë gehalte in 'n omgewing wat stimulerend, opwindend, opbouend en inspirerend is. Première bied ook geleentheid vir studenteteatermakers om met industriespelers bande te kweek en om gehoorbewustheid en -bywoning in die breër studentegemeenskap van die universiteit te bevorder.

## Omvang: Première Teaterfees

Alle produksies wat by die fees ingeskryf word, moet

- 'n nuwe, voorheen-onopgevoerde stuk wees;
- 'n tydsduur van tussen 40 – 50 minute hê;
- 'n kreatiewe hoof hê ('n regisseur, choreograaf, of soortgelyk) wat verantwoordelikheid van die produksie sal neem;
- 'n verhoogbestuuder hê (wat ook die kreatiewe hoof kan wees).

Enige produksie waar regte van enige aard betaalbaar is, is nie toelaatbaar nie. Dit sluit die regte vir poësie, musiek, prosa, en toneelstukke in.

Daar is geen beperkings in terme van taal of inhoud nie, maar enige relevante inligting moet vooraf bekendgemaak word.

Slegs huidige voor- en nagraadse studente van die Universiteit Stellenbosch Dramadepartement kan aan die fees deelneem.

Let asseblief daarop dat 'n student slegs by twee produksies in enige hoedanigheid betrokke mag wees.

## Struktuur

Die fees is as volg gestruktureer:

- Alle produksies moet registreer vir deelname by www.premierefees.co.za. Hulle moet ‘n geskrewe voorstel in digitale formaat indien. Die inligting rakende die formaat is in hierdie dokument onder die opskrif “Die digitale voorlegging.”
- Die voorleggings word deur ’n paneel deskundiges beoordeel en die produksies moet dan ’n vyf-minuut voorlegging lewer waarin hulle die produksie se insluiting by die fees motiveer.
- Na afloop van die keuringsproses, moet die gekeurde produksies begin repeteer om gereed te wees vir hul bepaalde tegniese intrek en optrede.
- Daar sal sperdatums aan die kreatiewe hoof kommunikeer word. Almal moet by hierdie datums hou.
- Alle produksies sal ’n tydgleuf ontvang om in die teater in te trek. Die lengte van hierdie intrek word bepaal deur faktore soos die aantal goedgekeurde produksies.
- Alle produksies sal een keer gedurende die week (Maandag – Vrydag) optree en daar sal drie produksies per aand speel.
- ’n Paneel beoordelaars sal aan die einde van elke aand oor die aand se produksies repliek lewer in die vorm van ’n semi-gestruktureerde gespreksforum.
- Die beoordelaars sal drie produksies kies wat ’n tweede optreegeleentheid by die Gala-aand (Saterdag) sal ontvang: die Première Curtain Call.
- By die Première Curtain Call sal die beoordelaars verskeie pryse oorhandig wat erkenning aan die hele feesweek se werk verleen, insluitend:
    - Beste Regie
    - Beste Teks
    - Beste Akteur in ’n Hoofrol
    - Beste Aktrise in ’n Hoofrol
    - Beste Akteur in ’n Ondersteunende Rol
    - Beste Aktrise in ’n Ondersteunende Rol
    - Beste Samespel
    - Beste Ontwerp
    - Beste Verhoogbestuur
    - Beste Algehele Tegniese Prestasie
- Die beoordelaars sal ook die wenproduksie (Beste Produksie) aankondig.
- Die individuele pryswenners ontvang elk ’n trofee en ’n kontantprys.
- Die wenproduksie ontvang ook ‘n kontantprys en ’n geleentheid om by die Toyota Stellenbosch Woordfees 2026 op te tree.

## Beoordelaars

Die beoordelaars bestaan uit professionele praktisyns wat aan die einde van elke aand uitgebreide terugvoer en repliek aan al die produksies sal lewer.

- Daar sal vier beoordelaars gedurende die Première feesweek wees:

    - Een beoordelaar is intern (d.w.s. betrokke op een of ander kapasiteit by die Dramadepartement);
    - Drie beoordelaars is ekstern (d.w.s. professionele praktisyns).
- Daar is ook ‘n paneel van Première alumni wat as ‘n skadubeoordelingspaneel dien. Hulle gee ook terugvoer en ‘n prys van hul keuse.

## Werkswinkels en Mentorskap

Elke produksie het toegang tot ’n mentor waarmee hulle in kontak kan wees om te help aan die produksie verfyn. **Die produksiespan is verplig om die mentor na drie repetisies te nooi.**

Daar gaan ook ’n reeks werkswinkels gehou word om algemene raad en advies aan die onderskeie kreatiewe spanne te voorsien. Hierdie werkswinkels sluit slypskole in regie, teksskryf, en tegniese afronding in. Die kreatiewe span van elke produksie is verplig om hierdie werkswinkels by te woon.

## Datums en Logistiek

### Ruimtes

Première vind plaas by die Adam Small Teaterkompleks by Stellenbosch in die volgende ruimtes:

- Première: Die Lab by die Adam Small Teaterkompleks.
- Première Curtain Call: Die Ouditorium by die Adam Small Teaterkompleks.

### Datums

Let asseblief op die volgende datums vir Première 2026. Daar gaan streng by hierdie datums gehou word. Die organiseerders mag dalk nuwe datums kommunikeer na aanleiding van die verloop van die jaar.

| | |
|---|---|
| Registrasie | 9 Februarie 2026 |
| *Eerste kwartaal klasse begin* | *9 Februarie 2026* |
| Voorleggings / Pitches * | 14 Februarie 2026 |
| Aankondiging van Resultate | 16 Februarie 2026 |
| Oriëntasie * | 22 Februarie 2026 (NB: Sondag) |
| ***Eerste kwartaal klasse eindig*** | ***27 Maart 2026*** |
| ***Tweede kwartaal klasse begin*** | ***7 April 2026*** |
| Indien van loktekste | 14 April 2026 |
| Indien van eerste weergawe van teks | 18 April 2026 |
| Werkswinkel: Teksontwikkeling | Sal bevestig word |
| ***Tweede kwartaal klasse eindig*** | ***15 Mei 2026*** |
| Fotografie vir bemarking * | 16/17 Mei 2026 |
| Indien van finale produksie-inligting | 22 Mei 2026 |
| Kaartjies beskikbaar op Quicket | 29 Mei 2026 |
| Indien van voorlopige tegniese inligting | 5 Junie 2026 |

| | |
|---|---|
| Indien van finale tegniese inligting | 1 Julie 2026 |
| Tegniese intrekke * | 6 – 18 Julie 2026 |
| ***Derde kwartaal klasse begin*** | ***20 Julie 2026*** |
| Première Feesweek * | 21 – 24 Julie 2026 |
| Première Curtain Call en Prysuitdeling * | 25 Julie 2026 |

Datums met 'n * beteken dat die hele kreatiewe span teenwoordig moet wees.

Alle produksies sal 'n vieruurlange intrektyd kry wat gebruik moet word om beligting uit te lê, klankvlakke te toets en dekor te merk, sowel as 'n twee-uur gleuf vir 'n finale kleedrepetisie. Hierdie inligting en skedulering sal op 'n latere datum beskikbaar gemaak word. Die volledige geselskap van die produksie moet by al die intrekdatums beskikbaar wees.

### Kaartjies en Pryse

Kaartjiebeskikbaarheid en -pryse sal beskikbaar gemaak word nader aan die tyd.

Deelnemers is verplig om die Première Curtain Call by te woon en hoef gevolglik nie 'n kaartjie te koop nie.

## Deelnameprosedures

Alle inskrywings vir die fees moet deur 'n keuringsposes gaan wat bestaan uit 'n digitale en 'n kort lewendige voorlegging. Na aanleiding van die voorlegging, sal 'n keuringspaneel die produksie vir optrede by die fees keur, al dan nie.

### Die Digitale Voorlegging

Alle geregistreerde produksies moet sekere inligting vooraf digitaal indien. 'n Skakel hiervoor is op die webtuiste (www.premierefees.co.za) beskikbaar. Die volgende inligting moet verskaf word:

- Die titel van die voorgestelde produksie
- Die name van
    - die skrywer(s) (indien van toepassing)
    - die regisseur(s)
    - die choreograaf/choreograwe (indien van toepassing)
    - die verhoogbestuurder
- Die genre van die voorgestelde produksie (drama, komedie, tragi-komedie, ens.) [hierdie beskryf die algehele toon van jou produksie]
- Die vorm van die voorgestelde produksie (fisieke teater, realisme, kabaret, ens.) [hierdie beskryf die vorm wat jou produksie gaan aanneem]
- Die taal van die voorgestelde produksie
- Die aantal spelers in voorgestelde produksie
- 'n 20-woord lokteks wat jou produksie bemark
- 'n 100-tot-200-woord motivering vir voorgestelde produksie

- Motiveer hoekom die produksie by die fees ingesluit moet word. Die visie van die produksie moet duidelik wees: wat sal 'n gehoor daaruit baat deur hierdie produksie te sien? Dit moet ’n maksimum van 200 woorde wees.

## Die Voorlegging

- Alle deelnemers moet hul produksie op ‘n voorafbepaalde datum voorlê (sien datums hierbo).
- Deelnemers word vyf minute gegee waartydens hulle soveel aspekte van hul voorgestelde produksie as moontlik moet kommunikeer, insluitend:
  - ’n Opsomming, insluitend die tema, narratief, of styl;
  - ’n Motivering, insluitend *waarom* die produksie opgevoer moet word, of by die fees ingesluit moet word;
  - ’n Artistieke benadering/uitgangspunt, insluitend ‘n voorlopige uiteensetting van *hoe* jy beplan om die produksie op die planke te sit;
  - Enige ander relevante inligting wat sal help om die produksie te motiveer.
- Jou voorstel kan aangebied word op enige manier wat die behoeftes van die produksie pas. Jy word dus aangemoedig om kreatief te wees.
- Die paneel kan dan nog vyf minute neem om enige vrae te vra.
- ‘n Belangrike punt om te onthou: jou voorstel moet die paneel met so min vrae as moontlik laat. Hoe meer inligting jy op ‘n duidelike, bondige en impakvolle manier kan aanbied, hoe beter.

## Die Keur van Produksies

Produksies word gekeur op ’n kombinasie van ’n professionele keuringspaneel en portuurbeoordeling.

- Die keuringspaneel dra gesamentlik ’n stemgewig van 60%
- Die portuurgroep dra gesamentlik ’n stemgewig van 40%

### Die Keuringspaneel

- Die keuringspaneel neem die volgende kriteria in ag wanneer ’n produksie oorweeg word:
  - Konsep
  - Uitvoerbaarheid
  - Artistieke meriete
  - Volhoubaarheid
  - Innovering

### Die Portuurgroep

Première is almal se fees. Om daardie rede nooi ons elke geregistreerde dramastudent om ook die voorleggings by te woon en saam oor die finale programmering te besluit.

- Elke dramastudent wat die voorleggings bywoon, kan as portuurbeoordelaar dien.
- Daar word ’n presensielys gehou om te verseker dat nét studente wat die voorleggings bywoon, kan stem.

- Op die dag van die voorleggings, kan die portuurbeoordelaar vir 5 produksies stem wat hulle graag in die fees wil sien.
- Studentenommers word gebruik om te verseker dat die presensielys en die aanlynstemme ooreenstem.
    - Hierdie is net vir kontroleringsdoeleindes en die spesifieke produksies waarvoor die portuurbeoordelaar stem, bly anoniem.

## Repetisieprosedures

- Sodra 'n produksie gekeur is, kan repetisies begin.
- Wees bedagsaam deur die departementele hulpbronne, met inbegrip van repetisieruimtes, rekwisiete- en kostuumbesprekings, spaarsamig te gebruik. Wees bedag op ander produksies en assesserings wat ook moet repeteer.
- Onthou dat jy genoeg repetisietyd gegun word om 'n opeenhoping later in die jaar te voorkom.
- Wees bedagsaam in terme van repetisietyd met betrekking tot die bespreking van lokale: **moet nié meer as 3 uur op 'n slag bespreek nie. Beperk jou repetisies tot 'n maksimum van 3 maal per week.** In die vakansietyd, val hierdie beperking weg, met die verstandhouding dat ander produksies (insluitende departementele produksies) óók in hierdie tyd gaan wil repeteer.
- **Departementele werk (repetisies vir klaswerk, ens.) geniet voorkeur in terme van repetisieruimtebesprekings.**
- Indien daar skeduleringsbotsings met departementele produksies is, kry die departementele produksies voorkeur.
- **Geen lid van jou geselskap mag klaswerk of repetisies/opvoerings van departementele produksies of assesserings misloop deur aan Première deel te neem nie**. Jy is in beheer van jou eie skedule. Oorweeg dus sorgvuldig die tyd wat jy gaan benodig en beplan dienooreenkomstig.
- **<u>Niemand mag Première as verskoning gebruik om klasse te mis of nie klaswerk te doen nie.</u>**
- Indien enige van hierdie reëls oortree word, staan dit die organiseerders vry om die produksie van Première te onttrek.

## Tegniese Intrek

Jou tegniese intrek is daar sodat jy die tegniese vereistes van jou produksie finaal kan integreer.

- Jy sal 'n basiese klank- en beligtingopset kry.
- Hoewel daar 'n tegniese span byderhand gaan wees, moet jy self die tegniese vereistes van jou produksie kan uitvoer (insluitend 'cueing'). Jou kreatiewe hoof (regisseur/choreograaf/ens.) kan dit oorsien.
- Jy het beperkte tyd in die teater, so jy word aangemoedig om die vereistes eenvoudig te hou.

- Jy moet vooraf enige tegniese vereistes kommunikeer (sien bogenoemde sperdatums) om beskikbaarheid te verseker en om die tegniese intrek te vereenvoudig. Enige tegniese versoeke moet skriftelik kommunikeer word.

## Die beoordelingskriteria

| Toneelspel | |
|---|---|
| Oortuigende en eerlike spel regdeur die toneelstuk. | • Spel is oortuigend/geloofwaardig en boeiend.<br>• Spel tussen karakters is geslaag (interspel).<br>• Dialoog vloei natuurlik en spelers is woordvas.<br>• Beweging, lyftaal, gebare en gesigspel is natuurlik en gepas.<br>• Stemprojeksie, artikulasie, intonasie en diksie.<br>• Tempo (sluit in tydsberekening, ritme, opstap, afstap, invalle).<br>• Toepaslike moeilikheidsgraad van die verskillende karakters word bemeester.<br>• Stemprojeksie, artikulasie, intonasie en diksie.<br>• Tempo (sluit in tydsberekening, ritme, opstap, afstap, invalle).<br>• Toepaslike moeilikheidsgraad van die verskillende karakters word bemeester. |
| **Regie** | |
| Die regisseur is die visioenêr van die die produksie in geheel. Die regisseur moet alle elemente van ontwerp, tegniese aspekte en spelers laat saamvloei om 'n eenheid te skep. Die regisseur spandeer baie tyd aan keuses en moet strategiese besluite maak oor o.a. die interpretasie van die teks asook die keuse van ontwerp, plasing en rolverdeling. Die regisseur se besluite beïnvloed die styl, tempo en stemming van die toneel. Die regisseur se visie en konsep vind lewe op die verhoog. | • Regiehand duidelik sigbaar (konsep en uitvoer), indien van toepassing.<br>• Rolverdeling gepas en geslaag.<br>• Vloei van die stuk (sluit tempo, stemming en toneelwisseling in).<br>• Verhooggebruik is effektief, kreatief, gepas en visueel stimulerend.<br>• Ontwerp, stel, kostuums, dekor, grimering.<br>• Tegniese afronding. |

| | |
|---|---|
| Die regie moet spreek van innoverende denke. | • Styl, periode en lokaliteit vorm 'n welgeordende geheel. |
| **Tegniese Aspekte** | |
| Duidelike interaksie tussen die ontwerp en die uitvoer daarvan. Hier lê die fokus op slim, sinvolle en produktiewe aanwending van tegniese aspekte. Tegniese aspekte word beoordeel binne die styl waarin die toneelstuk aangebied word. Die kriteria/aspekte word beoordeel waar van toepassing. | • Beligtingsontwerp (minimalisties of verwikkeld) komplimenteer die styl van die toneelstuk.<br>• Beligtingsveranderinge is effektief en gepas.<br>• Nodige sigbaarheid met selektiewe fokus.<br>• Spesial effekte (indien van toepassing) word reg aangewend.<br>• Klank en musiek (minimalisties of uitgebrei) komplimenteer die styl van die toneelstuk.<br>• Die volume is regdeur die stuk gebalanseerd.<br>• Klankinvalle en tydsberekening.<br>• Stelinkleding (gestroop of meer kompleks) komplimenteer die styl van die toneelstuk.<br>• Dekor is effektief geplaas op die verhoog en word sinvol aangewend.<br>• Kostuums is treffend en sinvol vir die styl van die toneelstuk.<br>• Grimering dra by tot die sukses van die geheel en afgerond.<br>• Effektiewe en oordeelkundige stel- en dekorwisseling. |
| **Teks** | |
| Gehalte van die teks en die interpretasie daarvan. | • Die teks is geskik vir die spesifieke groep akteurs.<br>• Die storielyn en/of tema en/of konsep is boeiend.<br>• Die teks is struktureel en/of tematies en/of konsepsueel samehangend.<br>• Die karakters/sentrale dramatiese konsepte is goed ontwikkel (sterk struktuur).<br>• Teks is treffend en/of skeppend en bied 'n unieke teaterervaring. |

| | |
|---|---|
| | • Teks het die potensiaal om professioneel opgevoer te word. |
| **Algehele Indruk** | |
| Die beoordelaar neem alle aspekte van die toneelstuk in ag om 'n volledige prentjie te vorm. Alle teaterelemente moet saamsmelt tot 'n goeie geheel. Die genre en/of styl word gepas aangebied. Die volgende word in ag geneem: spel, teks, regie, ontwerp, tegnies, ensemblewerk, stel, kostuums, atmosfeer, aandag aan detail, kreatiwiteit, afronding, genre, innovasie, eenheid, choreografie, grimering, hare, klankbaan, ligte, die X-faktor, ens. | • Produksie-elemente (spel, ontwerp, tegnies, ens.) vorm 'n eenheid.<br>• Spelers en regisseur verstaan die toneelteks en kommunikeer dit aan die gehoor.<br>• Aandag is geskenk aan detail.<br>• 'n Ononderbroke ervaring deur goeie vloei van oorgange.<br>• Tydsberekening en energie duidelik sigbaar en bevorder die produksie. |

# Algemene Vrae

## Moet my produksie in Afrikaans of Engels wees?

Jou produksie kan in enige taal wees.

## Moet my produksie enigsins dialoog bevat?

Nee. Daar is natuurlik produksies met alternatiewe vereistes, soos dié met 'n groter klem op fisieke teater. Jy mag dialoog of taal aanwend soos jy goeddink.

## Is daar vereistes met betrekking tot die styl van my produksie? Kan ek, byvoorbeeld, 'n musiekblyspel doen?

Hoewel daar geen stylvereistes is nie, word jy aangemoedig om die tegniese beperkings van die ruimte te oorweeg – veral in die lig van die beperkte tegniese intrektyd. 'n Musiekblyspel, byvoorbeeld, vereis baie tyd om tegnies af te rond en verg spesifieke tegniese kundigheid wat buite die moontlikhede van die fees val. Jy moet dus self besluit wat moontlik is vir jou produksie, al dan nie.

## Mag ek lewendige musiekinstrumente gebruik?

Jy sal moontlik **toegang** hê tot 'n digitale klavier *indien dit beskikbaar is*. As jy ander instrumente moet gebruik, moet jy jou eie voorsien. Indien hierdie instrumente klankversterking benodig, moet jy dit voordat kommunikeer sodat toepaslike mikrofone gereël kan word, *indien dit beskikbaar is*.

## Gaan ek enige tegniese ondersteuning vir my produksie ontvang?

Jy sal geen amptelike tegniese ondersteuning ontvang nie. Jy is verantwoordelik vir jou eie tegniese behoeftes. Jy kan egter jou tegniese intrek gebruik om beligting en klank te programmeer.

### Watter tegniese toerusting sal beskikbaar wees, behalwe basiese beligting en klank?

Gebruik asseblief jou voorlegging om enige spesifieke vereistes te kommunikeer, of ten minste teen die sperdatum vir tegniese versoeke (sien datum bo). Hoewel die departement alles in hul vermoëns sal doen om die nodige tegniese toerusting te verskaf, sal faktore soos beskikbaarheid en die uitvoerbaarheid van die versoek die beslissende faktor wees. Kommunikeer jou vereistes so spoedig moontlik om teleurstelling te voorkom. Klanktoerusting soos mikrofone en visuele hulpmiddels, soos 'n videoprojektor of spesiale beligtingseffekte, kan moontlik ook voorsien word, afhangend van beskikbaarheid.

### Sal die fees vir my 'n begroting gee?

Die fees sal nie vir jou 'n begroting gee nie. Jy word dus aangemoedig om kreatief te wees met die hulpbronne wat tot jou beskikking is. Die fees ondersteun egter elke produksie met bemarkingsfotografie, die aanbied van werkswinkels, en die voorsiening van 'n feesmentor wat terugvoer gee vir elke produksie. Die begroting van die fees word op hierdie hulpbronne bestee.

## Navrae

Alle navrae rakende die fees moet gestuur word aan dr. André Gerber by akg@sun.ac.za of Elana-Marie Snyman by elanas@sun.ac.za.